Tralie Varia

MEI 2016 • JAARGANG 44

Tralie Varia onder SA Top 10 in "Ons Kan 24" se Nasionale Skoolkoerantkompetisie 2015

Hoërskool Sentraal Bloemfontein: Genl. Cronjéstraat, Dan Pienaar, webwerf: www.sentraal.co.za, e-pos: mail@sentraal.co.za, Tel.: (051) 4101800



NUUS: Tralie oefen vir die *Great Escape*



NUUS: Tralies maak hulle harte oop vir boere



SOSIAAL: Die liefde neem snaakse vorms aan



SPORT: Vure woed by *FNB Classic Clash*

"Voice" van Sentraal

Mnr. William Loots sing sy hart uit op die nasionale kassie



Mnr. Loots los sy kitaar vir die mikrofoongeveg tydens die battle rounds. **Foto: Verskaf**

JANÉ APPEL

'n Klein seuntjie wat deuntjies in die gange van sy huis neurie. Kry op sestien sy eerste kitaar. 'n Man wat die geleentheid om aan 'n sangkompetisie deel te neem, aangegryp het – *The Voice South Africa*.

William Loots is 'n boorling van Henneman. Skrywer van liedjies vir onder andere Heintz Winkler, Andriëtte en Brendan Peyper. Hy is ook 'n onderwyser aan die Hoërskool Sentraal.

Loots was deel van die sowat 15 000 mense wat vir *The Voice* oudisies gedoen het. Slegs 105 van dié deelnemers is vir *the blind auditions* gekeur.

Die beoordelaars bestaan uit 'n paneel naamlik: Bobby van Jaarsveld, Karen Zoid, Lerato 'Lira' Molapo en Khan Morbee (The Parlotones). Indien die beoordelaar(s) beïndruk is met die optrede draai hulle hulle stoele na die sanger.

Op die verhoog het hy die stilte verbreek met *Lighthouse* deur een van sy gunsteling kunstenaars, Elvis Blue. Met sy laaste hoë noot het Lira na hom toe gedraai.

"We are going to take this gift and unwrap it like an onion and discover the magic together," het Lira passievol aan Loots gesê. Stille waters diepe grond. "Ek is eintlik baie rustig, maar ek was nog nooit in my lewe so gespanne nie," sê Loots met 'n senuagtige laggie.

Loots en Zoë Modiga het die duet *Heaven* tydens *the battle rounds* gesing. Hy is toe ongelukkig geëlimineer.

Daar lê nog 'n hele paar hoë note in dié kunstenaar se toekoms voor. Hy beplan om weer vir die Afri-Visie skryfkompetisie, aangebied deur *KykNet*, in te skryf. In 2015 het hy 'n 3e-plek behaal met die liedjie *Wie is jy?*

Olimpiese atleet is terug in Vrystaat

LEILA CHAMPION

Zola Budd-Pieterse, die voormalige kaalvoet Olimpiese atleet, het op 25 April die Hoërskool Sentraal besoek. Die besoek maak deel uit van 'n Britse dokumentêre-program oor haar atletiekloopbaan.

Mnr. Johan Vorster (skoolhoof) het gesê: "Dit was 'n voorreg om een van die bekendste oud-Tralies en 'n legendariese atleet by ons op die verhoog te kon hê. Met al die wêreldroem het Zola nog steeds Zola gebly!"

Budd-Pieterse was vanaf 1980-1983 'n leerder aan die Hoërskool Sentraal. Sy was 'n buitengewone atleet en verwerf dubbele Springbokkleure in beide atletiek en landloop.

In 1981 was Zola Budd die ster van die Hoërskool Sentraal. Tydens die SA-Junior-kampioenskap verower Zola die goue medalje in die 800m. Sy word ook bekend as die OVS-dogters o.16-landloopkampioen, Noord-Transvaal senior dames landloop-kampioen, OVS 10km padwedloopkam-pioen en die SA-dogters o.16-landloop-kampioen.

Sy het as junior atleet 'n totaal van 20 SA-rekords en 11 wêreldrekords gedurende haar loopbaan verbeter. Sy het as senior atleet 41 keer Afrika- en SA-rekords verbeter. Een van haar besondere prestasies was die Staatspresidentstoekenning wat sy ontvang het.

Tydens die verfilming van die dokumentêr het Tralie-atlete saam met haar aan 'n 400m "wedloop" deelgeneem. "Dit was 'n enorme voorreg om saam met Zola aan die wedloop deel te neem. Sy het my geïnspireer om my atletiekdroom na te jaag," sê Elmé Strauss (graad 10).

Tydens 'n spesiale saalbyeenkoms het die Tralies vir Budd-Pieterse met 'n hartlike, warm applous verwelkom. Die VRL het aan weerskante van die seuns en dogters 'n erewag gevorm. Aan die einde van die erewag het sy onder die skool se vaandel deurgestap en haar plek op die verhoog ingeneem. Budd-Pieterse sê: "Dit was vir my 'n voorreg om weer by die Tralies op die verhoog te staan. Dit maak nie saak waar ek in die wêreld is nie, ek neem altyd 'n stukkie van my Traliewees saam."

Oud-Tralie trek onderwyserbaadjie aan

Charlene Klopper vat leerders vas in die klas en is boonop katjie van die baan

MARYNA VAN WYK

Me. Charlene Klopper (neé Skinner) het vanjaar by die Hoërskool Sentraal begin skoolhou. Sy gee Sosiale Wetenskap en is ook die ma van 'n graad 12-Tralie. Sy vertel dat sy al 'n lang pad saam met die skool stap.

In watter jaar en waar het juffrou gematrikuleer?
Ek het in 1984 aan die Hoërskool Sentraal gematrikuleer. Ek was van graad 8 tot graad 12 'n Tralie.

Wat was die hoogtepunt van juffrou se hoërskoolloopbaan?
Ek het van graad 10 tot graad 12 vir die Vrystaat seniorspan tennis gespeel. Ek was ook kaptein van die SA-Skolespan in 1984 wat teen Israel sou kompeteer. Die wedstryde is egter as gevolg van die borg wat onttrek het, gekanselleer. Ek het in 1986, 1988 en 1989 die SA-Universiteite tennisspan gehaal.

Wat het juffrou na skool studeer?
Ek het BA Ligaamlike Opvoeding aan die Universiteit van die Vrystaat studeer en nagraads my HOD voltooi.

Wat is juffrou se sterkpunte sowel as swakpunte?
Ek het baie geduld met iemand wat sukkel, maar ek sukkel nie graag self nie.

Wat beoog juffrou om met Sentraal se tennis te bereik?
Ek het reeds in 2015 by die tennisafrigting van die skool betrokke geraak. Ek beoog dat die spelers baie meer blootstelling as in die verlede gaan kry.

Geniet juffrou dit om vir Sentraal se leerders Aardrykskunde te gee?
Om te werk met kinders bly 'n voorreg. Ek geniet dit baie.

Wat was juffrou se droom as kind?
Ek wou net altyd tennis speel. Ek was nooit verplig om dit te doen nie en het daarom baie daarvan gehou.

Wat doen u vir ontspanning?
Ek ontspan graag saam met my gesin en vir 'n potjie tennis in die liga sê ek nie sommer nee nie.

Wie is juffrou se gunsteling tennisspeler?
Roger Federer - hy is professioneel en gedissiplineerd.

Hoe oud was juffrou toe u uitgevind het dat die tandemuis nie bestaan nie en was u hartseer daaroor?
Seker so in graad 1. Ek was hartseer, want my sakgeld vir lekkers koop was onmiddellik soveel minder.

As juffrou op 'n eiland moet gaan bly, watter drie goed sal juffrou saamvat?
Pizza, pizza en nog 'n pizza vir ingeval.

Sal juffrou liewer na Justin Bieber of na One Direction se konsert gaan kyk?
Liewer *One Direction.*

As u moet kies tussen bungee-jumping en valskermspring wat sal u verkies?
Geeneen. Ek is maar 'n landdier.





Klopper laat nie net aardbol nie, maar ook opponente op tennisbaan se koppe rol. **Foto: Paul Joubert**

Elegie: C van Pletzen (1958-2016)

Die dominee preek die seer sagter:
"'n afbreek van jou aardse tent ..."
vir ons is die seer 'n mantel van melancholie
en pyn wat weer oor en oor opstu

'n toga –

wat swart oor ons hang
met baie bloed buite
en repe rou binne

Ons koester heilige herinneringe:
die wysheid, die eerlike erns, die baie begrip
(wat jy sal ondersteun met 'n aandagtige kopknik
en 'n goed gemoduleerde "Good heavens!")
maak impak op sovéél lewens

Kollegas ervaar jou integriteit
Kinders jou eksentrieke besonderheid

En die Kore – !?

Skielik is papier en penne stom
want in die klank-onthou van harmonieuse grootheid
voel ek onwaardig om hierdie hemelse heerlikheid
te beskryf! met woorde te wil vorm.

Jou aardse lig is nou gedoof
maar 'n legende leef steeds voort

Die misterieuse opvoering begin

MARYNA VAN WYK

As jy op Sentraal se skoolgrond rondloop, lyk alles ruim, georden en presies. Delf 'n bietjie dieper en die ware kleure kom na vore.

Dit is 'n toneelstuk wat elke dag afspeel met 'n verskeidenheid eksentrieke akteurs.

"In my laboratorium is daar 'n spook. Om twaalfuur die nag, tydens donkermaan, verskyn daar 'n Engelse soldaat agter in my klas," het mnr. Jooste, 'n biologie onderwyser, aan die Tralie Varia vertel.

Daar word verder vertel dat daar loopgrawe (tydens die Boere-oorlog) op die terrein gegrawe is. Dié soldaat is lewendig in een begrawe. Mnr. Jooste sê verder dat die liggelowiges self kan gaan kyk.

Dit is nie net spoke wat in die aand rondloop nie. Sentraal huisves 'n horde katte wat saans verskyn en bedags verdwyn...

Dan is daar Santie met die tatoeëermerk op haar regterkuit. Elke middag is die storie anders. Eers het sy geld gesoek om in Dewetsdorp te kom, want haar kar het gebreek. Die volgende dag is dit haar kind wat siek is. Glimlaggend vertel sy van die groot nood waarin sy verkeer.

Die mense haal gereeld 'n aalmoes uit om haar te help. Die hekke word gesluit en oom Dirk hoor hoe Sentraal se akteurs sê: "Fluit-fluit my storie is uit."

Trale word gevonnis tot 5 jaar in die tjoekie

LUHANN KRUGER

Die Traalbandiete het met hul kriminele rekords by die Sentraalbasis aangemeld om hulle vonnis uit te dien. 'n "Agter-die-tralies"-toekoms is hulle voorland.

Traalbandiete word uitgeken aan die oranje bandana om hulle koppe, 'n tatoeëermerk aan die nek, 'n pleister op die een wang en 'n snywond op die ander. Die Tralies hoef húlle egter nie te vrees nie, aangesien 'n "plank met persoonlikheid" hulle vorige oortredings uitblaker. Verder is daar ook 'n korrektiewe offisier aan elke bandiet toegeken om korrektiewe toesig te hou.

Die Traalbandiete moes stiptelik om 07:15 aanmeld. Die gewildste aktiwiteite in die oriënteringsprogram was die boeresport en die sotte-atletiek. Enige tronkvoël wat sy sout werd is, sal een of ander tyd probeer ontsnap. Nadat die bandiete die sleutel gevind het, moes hulle 'n *Great Escape* suksesvol beplan. Gedurende die uitvoer daarvan het 'n onverwagse reënbui hulle in modderbesmeerde bandiete verander.

Die bandiete is op parool losgelaat om aan die Sottekonsert deel te neem. Onder leiding van mnr. William Loots en die leerderraadslede, het die bandiete 'n verwerking van *The Lion King* op die planke gebring. Na afloop van die konsert is 'n sottekoning en -koningin aangewys en die graad 8's is as waardige Tralies vrygelaat. Met die sing van die skoollied het hulle die Tralie-avontuur aangepak.



Die katte en 'n brawe 'soldaat' loop snags op die terrein rond. **Foto's: Anoniem**

Sentraal se glanspaar word gekroon

IRENE MARAIS

Mnr. en Mej. Tralie 2016 is op Dinsdag 12 April by die jaarlikse kroningsfunksie bekend gemaak. Carl Kellerman en Suzel Lessing is uit 20 finaliste, as Mnr. en Mej. Tralie gekroon.

"Die kompetisie was straf en die uitdaging word elke jaar groter," is die woorde van Anri Powell, een van die beoordelaars. Sy was een van die top vyf finaliste van die Mev. Wêreld 2012-kompetisie. Ander bekendes soos Casper Bosman, die ontwerper van Rolene Strauss (voormalige Mej. Wêreld) se uitrustings, sowel as Jana du Plessis (Finesse se inspirasievrou vir 2013) was van die beoordelaars. Xander Steyn, 'n oud-Tralie, het as seremoniemeester opgetree. Nog 'n oud-Tralie, Gerduan Kemp, het die gehoor met sy sang vermaak.

Die Tralies kon op *Facebook* vir hulle gunsteling deelnemer stem. Na ses *Facebook*-uitdagings, werkswinkels, fotosessies, repetisies en onderhoude het die finaliste met selfvertroue en breë glimlagte die verhoog betree. "Ek sou die pad na die kroningsaand enige tyd weer stap, ten spyte van al die struikelblokke," vertel Lessing.

Natasja Jansen, het die meeste fondse vir *Pet Action* ingesamel. Die tweede prins en prinses is Stephen Pretorius en Nicci Cilliers. Ethan Theron en Natasja Jansen is die eerste prins en prinses. Die wenners, Carl Kellerman en Suzel Lessing, het ook die meeste *Facebook-likes* gekry.

Met die klik van 'n kamera is die glansgeleentheid afgesluit. 'n Foto met 'n storie wat met die woorde: "Eendag lank-lank gelede..." sal begin.

Tralies kook 'n hond uit 'n bos

Aspirant kokke bak en (ver)brou in tipiese MasterChef-styl



Ethan Theron roer die geheime bestanddeel by sy beslag in. **Foto: Zetské Posthumus**

JOHAN CHAMPION

Op 18 Februarie het jy net kos en sweet sien spat. Tien Tralies het om die titel van Tralie *MasterChef* meegeding. "Dit was verskriklik warm en uitputtend, maar dit was ook baie opwindend," meen me. Suné Grobler, verbruikerstudie-onderwyseres aan die Hoërskool Sentraal.

Dié spoggeleentheid is deur Sentraal se netbalspanne, as deel van hulle jaarlikse fondsinsameling, aangebied. Die Tralies het elk die geleentheid gekry om drie geregte saam met 'n glanspersoonlikheid voor te berei.

Patso Nikulov, 'n deurwinterde Hongaarse sjef, asook die hoofsjef by *59 @ Plenty*, was die kinders se mentor en het hier en daar 'n knippie sout of 'n titseltjie knoffel bygevoeg. "Dit was ongelooflik om te sien hoe die kinders die aand geniet het. Dit was 'n besondere geleentheid wat uitstekend georganiseer was," het mnr. Nikulov gesê.

Ethan Theron (graad 11) is as die wenner van die aand bekroon en het pryse ter waarde van R 5 000 in die sak gesteek. Die hele pot gortsop is amper in die vuur omgekeer, toe Theron agterkom dat die mascarpone kaas in sy nagereg al verval het. "Ek het binne tien minute 'n nuwe nagereg aanmekaargeslaan en maar gehoop en bid vir die beste," het Theron aan die Tralie Varia gesê.

Tralies staan boere in droogte by



Sentraal se boeremeisies ondersteun bewusmakingsveldtog. **Foto: Natasja Jansen**

LENÉ CRONJÉ

Die Hoërskool Sentraal het R10 000 ingesamel vir die boere in nood-projek om boere by te staan.

Die ergste droogte in 111 jaar, ook die jaar waarin die Hoërskool Sentraal 111 jaar word, het verskeie boere moedeloos gelaat ná vee gevrek het en sommige boere nie kon plant nie. Dié projek is deur die VRL-lede, onder leiding van me. Poedels du Plessis, aangepak. Leerders moes plakkers van vyf-of tienrand koop om gewone klere aan te trek. Sommige leerders het nie net gewone klere nie, maar hulle boeredrag aangetrek. Daar was tot meisies wat hulle fyn sandaaltjies en rokkies vir 'n paar stewels en *pt*-broeke verruil het. Sommige van die meisies het tot hulle plase se name op hulle arms geskryf om die bewusmakingsveldtog meer geloofwaardig te maak.

Die geld wat ingesamel is, sal aangewend word vir voer vir die uitgehongerde diere. Ernst Jonovsky, hoof van Absa se Agribesigheid, sê: "Die uitwerking van die droogte sal eers hierdie jaar sigbaar wees en verbruikers sal dit aan hul sakke voel." Stadsjapies moenie dink dat die warm temperature hulle geensins gaan raak nie. Kospryse sal as gevolg van die rooivleis- en graantekort styg. Dit beteken die lekker tjoppie op 'n Saterdagaand en groot bord mieliepap elke oggend gaan minder bekostigbaar raak.

In 2016 sal jy jou sente moet omdraai

LEILA CHAMPION

In 2016 het die inflasiekoers met 7% gestyg. 'n Eenvoudige kosmandjie waarvan die inhoud uit brood, melk en eiers bestaan, het van R120,26 in 2015 na R133,98 in 2016 gestyg.

Karisa Nel, 'n gereelde *Pick n Pay* klant, meen: "Vandag besef ons dat al die lekker bederfies jou meer as gewoonlik uit die sak jaag. Wat wel sleg is, is dat jou salaris dieselfde bly, maar petrol, klere en jou kosmandjie word net al hoe duurder. Daarom ondersteun ons laer teikenmark-winkels soos *Pick n Pay*."

Die eenvoudige tienerbederfsakkie (2ℓ *Coke*, *Ola* roomys en 150g *Cadbury Bubbly* sjokolade) het in November 2015 R60,32 gekos en het in 2016 na R65,57gestyg. Suzél Lessing, 'n graad 11 VRL-lid, het gesê: "Met die huidige inflasiekoers gaan die R5 in my beursie binnekort net soveel werd wees as 'n 50c-stuk."

Navorsing het getoon dat jou aankope by *Pick n Pay* beslis goedkoper sal wees. *Spar* se bestuurder het die teendeel beweer: "Daar kan nie 100% bepaal word wie se pryse die beste sal wees nie, aangesien promosies 'n baie groot invloed op pryse het."



VCSV veroorsaak kettingreaksie op die stoepe

Die nuwe generasie besef die krag van gebed in 'n tyd van nood en kommer

"Ek is so dankbaar dat die Tralies vir ons kom bid het..."

LISA-MARI DE KLERK

Die VCSV se eerste groot projek het gedurende die eerste kwartaal plaasgevind. Al die leerders het op die stoepe gestaan, hande gevat en gebid. "Ons wou as een stil word voor God," het me. Koekemoer, organiseerder van die VCSV, gesê. Daar is gebid vir die skoolgemeenskap en al die aktiwiteite. Die leerders is gevra om vir die Hoërskool Sentraal se sport, kultuur, akademie, beheerliggaam en ouers te bid. Mnr. Johan Vorster (skoolhoof) het met 'n gebed oor die interkom afgesluit.

Die VCSV het ook elke Vrydag, onder leiding van die kringleiers, op die rugbyveld bymekaargekom. Die kinders het oor die VCSV se nasionale tema vir 2016 - Liefde kan definieer - gesels.

Medi-Clinic, is op 17 Maart deur die VCSV besoek. Hulle het vir verpleegpersoneel, dokters en pasiënte in die kapel gebid. "Ek is so dankbaar dat die Tralies vir ons kom bid het," het Marelize Nieuwoudt (Adjunk verpleegkundige bestuurder) van *Medi-Clinic* gesê.



Honderde leerders vat hande in gebed op die stoepe van die drieverdieping gebou. **Foto: Paul Joubert**

Twee Tralie musici triomfeer

EZELLE ERASMUS

Vroeg in Maart het die Hoërskool Fichardtpark hulle jaarlikse musiekkompetisie gehou. Hierdie klassieke musiekkompetisie is die enigste in sy soort in Bloemfontein en gee aan instrumentaliste 'n geleentheid om te kyk of hulle een van die aantreklike pryse kan losspeel.

Byna 30 jong musici vanoor die stad het in twee kategorieë ingeskryf: die junior en senior afdeling.

Lede van die Sentraal Musiek Akademie (SMA) het deelgeneem. Net soos in 2015 het 'n Tralie dié kompetisie gewen.

In die junior afdeling het die violis, Joas Erasmus (gr 8), gewen. Sy suster ook 'n violis, Ezelle Erasmus (gr 12), wen die senior afdeling. Hierna het almal in spanning gewag vir die aankondiging van die algehele wenner. Joas Erasmus van die SMA het met die louere, 'n trofee asook prysgeld van R1500 weggestap. Hy is ook uitgenooi om 3 Junie in die Planetarium op Naval Hill - tydens die volgende *Rhapsody in Bloem* - op te tree.

'n Verdere eer het Ezelle Erasmus te beurt geval. Sy is, as lid van die Suid-Afrikaanse Nasionale Jeugorkes, genooi om vanaf 17 tot 20 April 'n vioolkursus en meesterklasse in Johannesburg by te woon. Sy was een van nét 12 jong violiste uit Suid-Afrika wat dié voorreg gehad het. Die klasse is deur twee violiste van die *Royal Concertgebouw Orkes* van Amsterdam in Nederland - een van die beste simfonie orkeste in die wêreld - aangebied.

Arndt Auhagen (violis) ,wat wel bietjie sukkel om Engels te praat, sê: "It is so magical that I have the ability to share music with other people and let them feel the magic as well."

Sleuth snuffel-snuffel talent uit

MICHÉ NEL

"Those who are submissive have something to write about," sê me. Rita Booysen, die Engels onderwyseres in beheer van die nuutgeskepte engelse blad. Volgens haar het elke mens iets wat hom of haar inspireer. Hulle moet egter net leer hoe om hierdie ervarings in woorde te omskryf.

Hierdie blink projek naamlik, die *Sleuth*, vier vanjaar sy eerste bestaansjaar. Die benaming van hierdie unieke blad is deur die informele gebruik van die woord (wat na 'n privaat speurder verwys) geïnspireer.

Die *Sleuth* het ten doel om verborge skryftalent onder die Tralies uit te snuffel. Enkele skrywers vir die *Sleuth* sluit Helouise le Roux, Sheriska Müller, Ruan Labuschagne, Nadia Doman en Eitan Louw in.

Hierdie blad poog om 'n kreatiewe basis vir die Tralies te skep. Die leerders sal die geleentheid gegun word om engelse skryfstukke soos gedigte, kortverhale en essays in te handig. Hierna word die skryfstukke geredigeer om die koring vir moontlike publikasie van die kaf te skei.

"Dit is 'n goeie platvorm vir die leerders om hulle werk aan die wêreld bekend te stel. Deur hulle skryfwerk kan hulle wys wie hulle werklik is sonder om voor te gee," sê Müller.

Müller hou baie daarvan om gedigte te skryf. Sy het in graad 6 haar eerste gediggie *Beginning of time*, gekryf.

"Ek beskou hierdie nuwe projek as 'n fantastiese geleentheid vir al die potensiële skrywers. Ek glo dat die skrywers beslis daarby sal baat," sê Le Roux, 'n skrywer vir die *Sleuth*.

Wie weet... *Sleuth* snuffel dalk die volgende J.R.R. Tolkien of William Shakespeare uit.



Erasmus viooldu stem hulle snare. **Foto: Paul Joubert**

Redenaars praat tot op die podium

PAUL JOUBERT

Dit is een van die grootste vrese in die moderne samelewing: publieke toesprake. Skoliere en volwassenes vrees beide die podium. In amper elke beroep is dit egter 'n belangrike vaardigheid om voor mense te kan praat.

Die ATKV-redenaarskompetisie is in 2016 vir die eerste keer deur die Hoërskool Sentraal aangebied. Dié kompetisie, wat voorheen by Grey Kollege aangebied is, leer hoërskool- en laerskoolleerders hoe om op hulle voete te dink en kreatiewe toesprake te kan lewer.

Redenaars behels die aanbied van 'n toespraak voor 'n gehoor. Die kompetisie bestaan uit onvoorbereide sowel as voorbereide toesprake. Tydens die onvoorbereide toesprake moet deelnemers binne die gegewe tyd 'n toespraak oor 'n gegewe onderwerp voorberei. Hulle moet poog om die lede van die gehoor, sowel as die beoordelaars, van hulle standpunt te oortuig. Vir die voorbereide toesprake kry deelnemers die geleentheid om vooraf navorsing te doen en dan die beoordelaars van hulle siening te oortuig.

11 van die Hoërskool Sentraal se leerders het deelgeneem, waarvan 4 naamlik Paul Joubert (graad 12), Irene Marais (graad 10), Nadia Havenga (graad 9) en Pieter Van der Merwe (graad 8) na die streeksfinaal deurdring. Hierna sal hulle poog om die span na die nasionale kompetisie te haal.

Me. Petro Steenkamp (aktiwiteitshoof) het aan die Tralie Varia vertel hoe belangrik dit vir leerders is om redevoeringsvaardighede te ontwikkel: "Om jou man te staan en jou sê te sê, kan waarde toevoeg tot enige kind se lewe. Leerders leer om selfversekerd te kan praat en verantwoordelik te wees."

Filosofieklub bied ruimte vir gesprek

PAUL JOUBERT

Die huidige kurrikulum bepaal dat leerders konsepte vir hulleself moet ontdek. Die filosofieë van die lewe word egter steeds vir ons met 'n lepel gevoer.

Die leerders aan die Hoërskool Sentraal het besluit om vanjaar hierdie tekortkoming aan te spreek. Die Filosofieklub, onder leiding van mnr. William Loots, sal poog om leerders te inspireer om vir hulleself te dink en besprekings oor moeilike en interessante onderwerpe te inisieer.

"Mense moet vir hulleself kan dink," sê mnr. Loots. "Ek wil deur middel van dié klub die leerders inspireer en in staat stel om dit te kan doen. Ons leuse kom van die bekende filosoof Voltaire: Waag dit om vir jouself te dink."

Die stigterslede is Johan Champion, Kayla Gouws, Paul Joubert en Maryna van Wyk (graad 12). Die geleentheid om onderwerpe soos: geloof, etiese kwessies bv. aborsie en ander onderwerpe onder andere seksuele oriëntasie te bespreek, word geskep. Bekende filosofiese idees, sowel as bekende filosowe se teorieë, sal ook bespreek word.

Gouws sien al lank uit na só 'n geleentheid. "In hierdie klub gaan dit nie oor wat ander mense sal sê van wat jy dink nie. Daar is baie onbeantwoorde vrae in die jeug se gemoed. Ek voel elkeen het die reg om vrae te vra sonder om gekritiseer te word," sê sy.

Op die vraag oor die relevansie van só 'n klub, verduidelik Joubert dat hulle nie argaïese filosofie gaan praktiseer nie: "Wetenskaplikes soos Stephen Hawking is van mening dat fisika die fisiese wêreld kan verklaar. Ons wil praat oor menswees en etiek – ons wil die hoekom bespreek, nie die hoe nie."

Onontginde goudmyn van talent

Verskuilde modeontwerpers in ons midde stel klere ten toon



Lize Jacobs en Anton Gravett poseer soos bekende modelle op die loopplank. **Foto: Verskaf**

MICARLA DU PLESSIS

Die Casper Bosmans van die Hoërskool Sentraal het mekaar behoorlik die stryd aangesê in vanjaar se Mnr. & Mej. Tralie glansgeleentheid. "Rommelstatus" is afgeweer en het behoorlik 'n nuwe baadjie gekry toe die graad 10-ontwerpleerders aangesê is om die finaliste van uitrustings, bestaande uit afvalmateriaal, te voorsien.

Met ywer, toewyding en groot entoesiasme het die graad 10-ontwerpers onder leiding van me. Marelize Visagie, vakonderwyser aan die Hoërskool Sentraal, reeds gedurende die Maartvakansie die projek begin beplan. "Tydens die gala-aand is daar onteenseglik bewys dat die vere wel die voël maak," sê Valé Taljaard, 'n graad 10-ontwerpleerder.

Elke couture het 'n meisie- sowel as seunfinalis geklee. Die skeppings het gewissel van deftige aandrokke tot informele somerrokkies en was voorwaar 'n veer in die hoed vir die ontwerpers. Van opgetooide sementsakke tot CD-skerwe en selfs liggies is gebruik en het die beoordelaars en toeskouers in verwondering gelaat.

Die Mnr. Tralie finaliste het egter nie teruggestaan nie en het gepronk met ontwerpershoede en -strikdasse. Lizamari van Niekerk is as die beste ontwerper van die aand gekroon.

Staan op, sit stil... sê jou sê

SUZÉL LESSING

"Insiggewend. Dit was meer as net nog 'n doodgewone werkswinkel," is Suné Pretorius se mening oor vanjaar se werkswinkel vir die nuwe Tralie TV-aanbieders.



Alise Pretorius. **Foto: Nicci Cilliers**

Die geleentheid is aangebied om leerders se liggaamspostuur, uitspraak en selfvertroue te verbeter.

Om 'n aanbieder te wees sit nie in almal se broekspype nie. Jy kan omgetower word in 'n beroemde aanbieder soos Oprah Winfrey. Óf die ander roete volg en die verkeerde Mej. Heelal aankondig, soos Steve Harvey.

Me. Marelize Visagie, 'n onderwyseres aan die Hoërskool Sentraal, het wel gesorg dat die Tralies die regte pad volg. Visagie het haar honeurs in filmredigering verwerf en sy het haar top wenke met die Tralies kom deel.

Helder ligte en kameralense is tweede natuur vir enige ervare aanbieder. Die Tralie TV-aanbieders is nog nat agter die ore. Hulle het nog baie om te leer voor hulle dié kuns kan bemeester.

Die toekomstige aanbieders het geleer dat die fokus op die gehoor moet wees. Die kámera is jou gehoor en die oomblik as jy wegkyk, breek jy die illusie. Elke greintjie fokus van die aanbieder moet op die gehoor wees; nie die puisie op sy of haar voorkop nie en ook nie die gedruis van reën buite nie.

"Dit is deel van die gehoor se kosbare tyd wat hulle opoffer waarin hulle jou leer ken - jy kuier inderwaarheid in hulle sitkamer," sê me. Visagie. Jou aanbieding en inligting wat oorgedra word, moet interessant, aangrypend en die moeite werd wees om na te luister.

Musikant is op pad na LA

FRANCO SMIT

Maria Yazbek, 'n graad 8-leerder aan die Hoërskool Sentraal, het haar passie vir die viool laat geld en haar stem laat hoor om haar van 'n plek by die wêreldkampioenskap van Uitvoerende Kunste in Los Angeles te verseker.

Yazbek, is op pad om internasionaal te gaan optree. Die wêreldkampioenskap is 'n kompetisie wat die beste musikante in 'n senior- en junior afdeling bymekaar bring om 'n stuk, wat oor sestig sekondes strek, op te voer. Die wenner word dan deur 'n paneel beoordelaars aangewys.

Die wêreldkampioenskap bestaan uit drie rondtes. Rondte een en twee is die voorloper na die verhoog in Los Angeles. Na afloop van die derde rondte word die wenner voor 'n gehoor van meer as 'n duisend mense aangewys.



Maria Yazbek. **Foto: Verskaf**

Haar passie vir die uitvoerende kunste het al begin toe haar ma (Lesley-Ann Matheus) haar as baba met haar klavierspel aan die slaap gemaak het. Op die ouderdom van vier is sy tydens 'n besoek aan familie aan vioolspel blootgestel. Haar ma en tannie het saam viool gespeel en die klanke het haar so bekoor dat sy graag die instrument wou bemeester.

Matheus, 'n musiekdosent en begeleier verbonde aan die Odeion, was haar eerste musiekonderwyeres. Haar huidige onderwyseres, Anna van Niekerk, glo daar lê 'n rooskleurige toekoms vir haar voor.

Yazbek bespeel verskeie musiekinstrumente onder andere die klavier, viool en kitaar.

Haar groot passie is egter sang. In haar toekoms sien sy haar op verhoë as 'n bekende pop- rock- of jazz-sangeres.

Sy geniet dit om na rockmusiek te luister, want die lirieke is vir haar mooier as ander genres. Haar gunsteling rockgroepe is: *My Chemical Romance, Radiohead* en *Arctic Monkeys*. Sy beskou die rocksangeres, Melanie Martinez, as haar rolmodel.

Sy wil 'n jazz-sangeres word omdat dié genre ongewone sangtegniek verg.

Die optrede in Los Angeles is moontlik 'n deur na die toekoms indien 'n groot maestro haar dalk raaksien.

"Ek is baie opgewonde en wil net my beste op die verhoog gee." Sy hou haar oog doelgerig op 'n toekomstige beurs om eendag musiek te studeer.

Die wêreldkampioenskap vind van 5 tot 26 Julie 2017 plaas. Yazbek is reeds besig met haar voorbereiding.

"Ek's dankbaar vir die geleentheid en ek weet wat van my verwag word. Ek is gereed - dit is seker! 'n Tralie is op pad," meen Yazbek.

MY SUID-AFRIKA

My lekker losbekland. My land met sy kombuistaal – die taal met daardie gruwelike "g's" en kwetsende "k's". Die taal van onderdrukking. Die taal van bevryding.

My land met die grondpad in die teerpad. 'n Land waar die sterre weer ons lamp in die donkerte geword het. My Suid-Afrika – waar die regime die septer swaai en die gepeupel swoeg onder die juk van korrupsie. My land van nepotisme en rassisme, van vingerwys, van misdaad, van onskuld. 'n Land vir almal óf vir niemand? Mý land – 'n klug.

My land van biltong, bobotie, boerewors en braaivleis. Rugbymal. Verwronge prioriteite. 'n Land met 'n luilekker houding, waar die ouergarde die pinkie aanbied en die jeug die arm afruk. My land van lieplappers en luigatte.

My land van horingdroogte, waar die skape gaar braai in die veld en die aarde oopbars van die dors. Waar die skroeiende wind oor die binneland aangewaai kom en die sprinkane net 'n dorre geraamte nalaat. My land van sweet en bloed. Land van smart.

My land met sy dralende somerdae, songebak soos Karoo-klippers. Waar die wind fluit oor die verlate vlaktes; waar die vuurvliegies kotiljons oor die melkweg en die sonbesies sing vir die reën. My land van rooiskemer waar die son versplinter op die horison en die aandbriesie weer nuwe lewe in die wêreld blaas. Land van hergeboorte. Land van lewe. My land van melk en heuning.

My land... 'n Land van liefde. Oorleef. Vergifnis. 'n Land soos géén ander.

My...
Suid-Afrika.

REDAKSIONELE KOMMENTAAR

Tralie Varia slaan 'n nuwe blaai om

JOHAN CHAMPION

2016. Die jaar waar die Tralie Varia lepel in die dak gesteek het... wel, kom ons sê eerder die Tralie Varia van Gister. In 2016 het die Tralie Varia 'n metamorfose ondergaan. Ons het gepoog om nuwe lewe in 'n koerant wat al holrug gery is, te blaas.

In hierdie uitgawe het ons die gordyn gelig om te kyk wat agter die skerms gebeur. Ons het dinge uit 'n nuwe oogpunt benader en vergete kreatiwiteit uit die rivierbeddings gaan skraap. Ons het gewerk dat ons die kromme note haal.

Met die nuwe interaktiewe- en sosiale blad, asook die nuwe inslag, het ons die rigiede ou raamwerk omvorm in 'n koerant vir julle en nie net vir julle ouers nie.

Dié uitgawe is geskryf by die lig van die middernagmaan en die eerste strale van die Afrikason. Geskryf in 'n taal vir julle. Die taal van die man op die straat. Lekker loslit Afrikaans. Die Afrikaans van ons harte. Dit is geskryf, gelees, herskryf en herlees. Verkort en verleng. Daar is gehuil, gelag en gesug. Gesug van



frustrasie, verdriet en verligting.

Woorde op swart en wit. Woorde met murg en been en passie. Woorde vir julle.

Ek skryf hierdie brief met die wete dat ons ons siel en wese in dié uitgawe ingeskryf het. Die eerste uitgawe van die nuwe Tralie Varia.



SMS jou gedagtes en WEN 'n prys!! 079 881 3779

REDAKSIE 2016

REDAKTEUR:
Johan Champion

SUB-REDAKTEUR:
Paul Joubert

NUUS BLADREDAKTEUR:
Maryna van Wyk

KULTUUR BLADREDAKTEUR:
Suzel Lessing

JOERNAAL BLADREDAKTEUR:
Paul Joubert

SOSIAAL BLADREDAKTEUR:
Elrie Meyer

SPORT BLADREDAKTEUR:
Marja-Lise Nel

JOERNALISTE:
GRAAD 12:
Ezelle Erasmus

GRAAD 11:
Lené Cronje, Lisa-Mari de Klerk, Micarla du Plessis, Stephen Pretorius, Lida Roodt

GRAAD 10:
Jané Appel, Leila Champion, Irene Marais
Miché Nel, Elmé Strauss

GRAAD 9:
Luhann Kruger, Franco Smit

FOTOGRAWE:
GRAAD 12:
Paul Joubert

GRAAD 11:
Nicci Cilliers, Natasja Jansen, Zetske Posthumus, Suzel Lessing

GRAAD 10:
Jané Pienaar

SPOTPRENT:
Renaldo Pillay



Geagte Redakteur

Sy groot bruingebrande boerehande is voor hom uitgestrek. Hy is oorwerk en die moedelose kyk in sy oë spreek boekdele. Dit is hoe ek my pa tydens hierdie onvergeetlike droogte sou beskryf. 2016 is 'n jaar waar te veel onbeantwoorde vrae gevra word. Waar reën en die droogte die meeste van die tyd die onderwerp van beskreking is. Waar baie boere in hulleself twyfel.

Boere kyk toe hoe hulle gewasse op die lande verdor. Hoe weiding skaarser raak en hoe die kans op 'n suksesvolle oes verdwyn. Sommige boorgate het opgedroog. Dit het gelei tot dreunende trekkers wat water aanry vir vee wat in hierdie hoë temperature baie swaarkry. Een van die hartroerendste oomblikke is om te kyk hoe 'n pasgebore kalfie aan haar dooie ma probeer drink. Die gevolg: kalwers moet hans grootgemaak word.

Geen reën is in sig nie en dit is moeilik om positief te bly. Oomblikke wat my altyd sal bybly, is 'n enkele boer wat sy hart voor ons Hemelse Vader uitstort. Enkele druppels reën het die hele gesin verenig in vreugdevolle lofprysing. 'n Droogte wat beslis nie net letsels laat nie, maar tog ook as 'n balsem vir families dien.

- Hartseer plaaskind

Kies die regte universiteit vir jóú toekoms

Volg dié raad en vang in 2017 'n graad by die droomkampus van jou keuse

PAUL JOUBERT

Dit is 'n angswekkende gevoel om te dink dat jou hele lewe nog voorlê. Aan die begin van elke jaar besef die matriekklas dat hulle nog net 'n jaar oor het voor die res van hulle lewens begin. Hierdie besef gaan egter altyd gepaard met moeilike keuses.

'n Onlangse steekproef aan die Hoërskool Sentraal het gewys dat die graad 12's graag aan verskeie universiteite in uiteenlopende rigtings wil gaan studeer.


91% beplan om hulle studies voort te sit by 'n tersiêre instelling. 32% beoog om 'n B.Sc-graad te volg, 25% 'n B.Com-kwalifikasie en 12% 'n B.A-rigting.

Die leerders beplan om dié kursusse by verskeie universiteite te volg: 40% by die Universiteit van die Vrystaat, 22% by die Noordwes Universiteit, 18% by die Universiteit van Stellenbosch en 8% by die Universiteit van Pretoria.

11% van die leerders oorweeg 'n *gap*-jaar. 67% meen dat die keuse maklik is, alhoewel 32% noem dat die afgelope gebeure by Suid-Afrikaanse universiteite (protesaksies en taalbeleidsveranderinge) hulle keuse beïnvloed het.

Alhoewel 91% wil studeer en 67% van hulle se keuse maklik was, het nog net 46% aansoek gedoen om toelating tot die instelling van hulle keuse te verkry.

Op 'n ligter noot: 90% sien uit na die studentelewe.



Dié verbode "S" is gewild



Steroïdes is vrylik verkrygbaar - soos Panado's oor die toonbank. **Foto: Verskaf**

LIDA ROODT

Deesdae vereis sportdeelname op skoolvlak reeds fisiese krag en gevorderde vaardighede. Dis nie so maklik om in 'n sportspan opgeneem te word nie. Twintig jaar gelede was sport nie so kompeterend nie; die kinders het net opgedaag vir die eerste oefening en hulle het die span gehaal.

Vir dié strawwe mededinging op die sportveld is daar 'n maklike uitweg: steroïde. Op die oog af lyk die dwelm soos die sleutel tot sukses. Die "wondermiddel" wat jou lewe gaan verander, vang jou egter in 'n bose kringloop vas.

'n Anonieme bron het aan die Tralie Varia verduidelik waarom steroïdes gebruik word. "Ek werk elke dag hard in die gimnasium, drink proteïne-aanvullers en proteïnepille, maar ek sien net 'n klein verandering in my liggaamsbou. Daar is seuns wat baie minder as ek oefen. Steeds vertoon hulle liggaamsbou sterker as myne. Dit laat my selfbewus en moedeloos voel. Seuns met 'n groter liggaamsbou word vir die eerste rugbyspan raakgesien. Dis mos ons álmal se droom."

Die nadele moet egter teenoor dié voordeel opgeweeg word. Wanneer die gebruik van die dwelm gestaak word, verloor jy dié spiermassa. Nog nadele kan wees: 'n dieper stem by dames, hoë bloeddruk en hoë cholestrol asook buitengewone aggressie. Nou lyk die wondermiddel nie meer so wonderlik nie.

Hoe kry skoolkinders dit in die hande? Ons bron sê dis baie maklik. Glo elke Jan Rap en sy maat in die gimnasium kan vir jou "ietsie" organiseer as jy die regte seine stuur. As jy nie só regkom nie, kan jy dit altyd deur middel van die internet bestel.

Gesien in dié lig: is dit werklik die moeite werd om so met jou gesondheid en emosies te dobbel?

RESENSIE

Bob se sensasionele smaaksensasie

Restaurant: Bob's Peanut Butter Shack
Spesialiteit: Melkskommels
Adres: PresSteynstr 12, Bloemfontein
Telefoonnommer: +27 84 376 5831
Aanbeveling: 9/10

JOHAN CHAMPION

In 'n boomryke woonbuurt, tussen die huise van lekker-kuier Bloemfonteiners, sit *Bob's Peanut Butter Shack*. 'n Restaurant soos min, heel moontlik, enig in sy soort.

Dié unieke eetplek spesialiseer daarin om jou smaakbekertjies te laat rieldans van genot.

Met die tergende reuk van 45 verskillende melkskommelgeure, sit jy langer en tob oor watter konkoksie om te bestel, as wat dit die flinke kombuis-personeel neem om die melkskommel voor te berei.

Vir diegene wat nie vir koue pampoen skrik nie, is daar geure soos *Oreo* en *Oros*, spek en stroop, asook vurige jalapeno en sjokolade.

Dié wat liewer bang Jan as dooie Jan wil wees, hoef nie te vrees nie. Geure soos *chocolate brownie*, rooibos, suurlemoen meringue en gebraaide malvalekkers, verskyn ook op die spyskaart.

Met die blaarkoepel bo jou en die geluid van kwetterende voëls in die agtergrond, sal jy so waar as padda manel dra, nie 'n méér ontspanne atmosfeer vind nie. Jy kan ook nie vir beter diens vra met kelners wat die spyskaart en spesiale aanbiedinge gememoriseer het nie.

Jonk of oud. Dit maak nie saak nie. Sleep jou vriende, ouers, of dalk selfs jou oupa en ouma saam. Maak solank jou afspraak by die tandarts, want *Bob's Peanut Butter Shack*, is 'n moet vir elkeen met 'n soettand.



Geesvang op netbalbane dalk 'n nuwe tradisie

MARYNA VAN WYK

Die wolke het saamgepak, donderweer het geslaan, maar die organiseerders het vasgestaan: "Vanaand gaan ons op die netbalbane dans!"

Die eerste sokkie van die jaar sou soos gewoonlik in die skoolsaal gehou word om die gees van die skool aan te wakker. Die briljante plan om dit egter op die netbalbane te hou, het gou byval gevind.

Die leerderraad het entoesiasties met die beplanning begin. Daar is besluit dat elke Traal (graad 8-leerder) 'n Traal as metgesel na die sokkie moes vra. Toegang tot die baan: 'n kreatiewe kostuum.

Onweerswolke het gedreig en die luidsprekers moes elkeen vinnig 'n dakkie kry. Spoedig het die dansklanke die aandlug gevul en kon die matrieks die dansbaan onder die sterrehemel open.

Mnr. William Loots se verskyning met sy kitaar het al die voete laat jeuk. Sy bekende Tralieliedjies het oor die skoolgronde weergalm.

Bure van die omliggende omgewing het positief op die aankondiging van dié geleentheid gereageer. "Ek gun die jongmense pret en plesier. As 'n mens langs 'n skool woon, kan jy nie verkramp wees nie," het me. Erna Bonthuys aan die Tralie Varia gesê.

"Die atmosfeer onder die spreiligte het bygedra tot die sukses van die aand, maar ek verkies die gladde vloer van die saal bo die growwer oppervlak van die netbalbaan," meen Nicole de Wit, 'n matrikulant aan die Hoërskool Sentraal.

"Dit was 'n uitdaging om die banebaljaar te reël. Ons was onseker of die netbalbaan (as dansvloer) bruikbaar sou wees. Na die positiewe terugvoer wat ons ontvang het, was alles egter die moeite werd," was Esli Lamley, hooforganiseerder, se woorde.

Bekende sangers bekoor Tralies

Pieter Koen en Willem Botha besoek Tralieland



Koen en Botha verklap geheime tydens Tralie TV-onderhoud. **Foto: Paul Joubert**

PAUL JOUBERT

Die Tralies het 'n welkome onderbreking van hulle akademiese werk gehad met die optrede van twee bekende Afrikaanse sangers Pieter Koen en Willem Botha. Dié twee kunstenaars het Tralieland, as deel van hulle *Jukebox* skoletoer, besoek.

Koen het die optrede met sy bekende treffer *Skud jou biscuit* geopen. Botha het die leerders met *Breek op in stereo* op hulle voete gehad.

Botha, naaswenner van Idols (Afrikaans) het in 'n onderhoud aan Tralie-TV gesê: "*Breek op in stereo* is my gunsteling liedjie." Koen het genoem dat *Man van Staal* sy gunsteling is.

Aangesien dit 'n reënerige dag was, is aan die sangers gevra waarmee hulle hulle op so 'n dag besig hou. Botha hou sy lyf skrynwerker en nutsman terwyl Koen sy skoene uitskop en tv kyk.

Koen moes verder die oorsprong van sy trefferliedjie *Skud jou biscuit* verklap. Hy vertel dat dié komiese opmerking tydens 'n gesellige studentekuier gemaak is. Dit het bygedra tot die skryf van die gewilde liedjie.

Botha verklap dat hy alleenlopend is en verduidelik dat die voorkoms van 'n "moontlike" meisie nie só 'n groot rol speel nie.

Besoek gerus *youtube.com/tralietv* om na die volledige onderhoud met Pieter Koen en Willem Botha te kyk.

Talle verloor hul harte…



... so het die meisies die seuns se harte gesteel. **Foto: Suzel Lessing**

ELMÉ STRAUSS

Vanjaar se valentynsweek is met die Mnr. en Mej. Valentynskompetisie aangekondig. Foto's van die deelnemers is op die Hoërskool Sentraal se facebookblad geplaas, waar die publiek vir hulle gunstelingpaartjie kon stem.

Die foto met die meeste *likes* is as Mnr. en Mej. Valentyn 2016 gekroon. Die wenpaartjie – Jaun-Marie Vermeulen en Christopher Warner (graad 11) – het 'n kontantprys ontvang.

Die tema, *Paradise Lost*, was aangrypend en die beeld van 'n rustige briesie en palmtakke het letterlik voor die gaste verskyn. "Dit het werklik gevoel asof ek op die eiland Mauritius is, toe ek die sand tussen my tone voel," sê Anél Bornman (graad 12).

Jy kon 'n eksotiese drankie by die Tiki bar geniet of foto's saam met jou vriende neem. Kleurvolle draperings en 'n gesellige vuurtjie het 'n ontspanne atmosfeer geskep. Die vonke was nie net in die vure nie, maar ook in die verliefdes se oë.

Uitdagings van 'n koshuisleerder

ELRIE MEYER

Die Eie Haard koshuis is 'n tuiste vir talle leerders aan die Hoërskool Sentraal. Nie net is dit 'n veilige vesting waar Tralies hulleself leer ken nie. Dit is 'n "huis" waar tradisies voortleef en nuwe uitdagings op jou wag.

As 'n verwarde graad 8-koshuis-inwoner is die eerste opwindende taak wat jou in die gesig staar, om behoorlik te leer dans. Dit is wanneer die koshuisbrakke hulle plaasskoene eenkant gooi en dit verruil om kaalvoet op die dansbaan te baljaar. 'n Graad aggie kan nou einde ten laaste dans, maar die arme seniors se tone is pimpel en pers getrap.

Die verlange na ma se tuisgemaakte koek-sisters en die heerlike geur van gebraaide skaapvleis is vir enige koshuiskind 'n uitdaging. Die kersie op die koek is om nie by stadsleerders te bedel vir hulle lekker huiskos nie.



Janine de Beer, 'n graad 11-inwoner, sê: " My grootse uitdaging is om Sondagaande op te offer. Ek sou veel eerder by my ouerhuis wou wees, maar my Eie Haard-familie beur my vinnig weer op."

Die uitdaging om die grootmens-wêreld te betree en jou "familie" agter te laat, is skrikwekkend. Die herinneringe aan Eie Haard en jou vriende dien as jou noodhulptassie om dié wêreld aan te durf. Jana Nel, 'n inwoner sedert graad 8, het Eie Haard beskryf as die woning waar sy haarself leer ken het. Elke dag se uitdagings het bygedra tot wie sy vandag is.

Om 'n Eie Haarder te wees behels om in moeilike omstandighede saam te staan met 'n rotsvas ondersteuningsisteem agter jou. Die koshuis is bekend vir sy gees en onmisbare teenwoordigheid by skool-geleenthede.

Elke koshuiskind ervaar verskillende uit-dagings. Die meeste Eie Haarders sal egter verkies om die winter-seisoen by hulle huise deur te bring. Die ysige nagte in die koshuis behoort almal te dwing om hul bagasie 'n klein bietjie swaarder te maak deur 'n ekstra kombers of twee in te pak. Die Junie-seisoen sorg natuurlik vir gereelde "teebreke" en gevolglik strafstudies, want hierdie twee loop hand-aan-hand.

Akademie is vir Sentraal 'n prioriteit. Eie Haarders moet dus gereeld die lig laatnag laat brand, vroeg opstaan en baie hard leer.

Die gevolg: 'n baie moeë plattelandse leerder in die klas wat moontlik by die skool gaan deurloop. Daarom is dit altyd 'n uitdaging om aktiwiteite klaar te maak voor die "ligte-uit-klok" lui.

Raak interaktief en speel saam

PAUL JOUBERT

In die jaar 1439 het Johannes Gutenberg die eerste drukpers ontwerp. Dit was die eerste in 'n reeks ontwikkelinge wat kennis en nuus vir die mense kon versprei.

In 2016 het die Tralie Varia besluit om dié eeu se groot ontwikkeling aan te gryp: die internet. Nie net gaan ons die Tralie Varia digitaal én in druk publiseer nie, maar die inhoud word verryk met 'n verskeidenheid interaktiewe skakels wat by die webtuiste ***tralievaria.tk*** te siene is.

Op ons nuwe interaktiewe bladsy het ons ook gepoog om meer inhoud te plaas waar die leser nie net lees en inneem nie, maar deel van 'n dieper ervaring is. Hier sal julle bv. speletjies, interessanthede en hulpbronskakels vind. Hierdie uitgawe het 'n sudoku en ander speletjies, 'n uitdaging vir die wetenskap belangstellendes onder ons, tesame met hulp vir die Junie-eksamen in die twee groot kopseervakke.

Die nuwe inisiatief is gebore uit die nuwe filosofie van die Tralie Varia as skoolkoerant – waarvan julle meer op die redaksionele blad kan lees – om boeiende inhoud aan ons lesers te bied.

Regs is 'n QR-kode wat, vir gemak, ook na ***tralievaria.tk*** skakel. Dáár sal julle die oplossings vir die speletjies en probleem, sowel as skakels na die eksamen hulpvideos vind.

Onnies raak vreemde goed kwyt

Wie sê wat? Pas die onnie by die gesegde.



Lyk ek soos Bloempapier?



Sien julle môre as ons almal die lewe hou.



Dit is vir julle 'n voorreg om hier te wees.



Hier is alweer 'n paar katnaels in die voorste ry.



Kom Filistyne, skrop julle nes.



Tables are for glasses and not for arses.



Dit is nie "aan" nie!

	4	9	3	8		7		
7								
	6			5			2	8
9	8			7	5	2		
		3	2	6			7	4
2	3			1			8	
								2
		7		2	3	4	9	

KOPKRAPPERS

- Vier loop in die pad, vier hang in die pad, twee jaag die honde en een vlieg weg.
- Mak om te vat, maar wild om te sien.
- Dammetjie vol wie klippies.
- Oordags vreet hulle rou vleis, maar snags lê hulle oopbek.
- Hier wiers-wiers, daar wiers-wiers, wiers-wiers in die hoekie staan.
- As die boer veld toe gaan, dan kyk die veld toe en as hy huis toe gaan dan kyk die veld toe.
- Wie dra 'n kam, maar kam nooit kop nie?
- Wie word gekrap, maar jeuk nooit nie?
- As jy dit sien, begeer jy dit en as jy dit het, dan weet jy dit nie.
- Die mens sien dit elke dag, maar 'n koning sien dit weinig en die Skepper sien dit nooit.
- Jy lek dit van agter en stamp dit van voor.

Raai raai...













Skandeer dié QR-kode vir al die antwoorde, asook om na die hulpvideos te kyk.

Probleem-oplossing

Die volgende probleem verskyn in 'n eksamenvraestel vir 16-jariges in Skotland. Dié vraestel was blykbaar só moeilik dat die "slaag"-persentasie afgebring is van 45% na 34%.

'n Krokodil bekruip sy prooi 20m verder, op die teenoorgestelde bank van 'n rivier. Die krokodil beweeg teen verskillende snelhede in water en op land.

Die tyd wat dit die krokodil neem om sy prooi te bereik is die minimum as dit na 'n punt P, x meter verder aan, en dan verder oor land beweeg.

Die tyd wat dit neem, in tiendes van 'n sekonde, word gegee deur:

$$T(x) = 5\sqrt{36 + x^2} + 4(20 - x)$$

Vind die waarde van x wat sal lei tot die minimum hoeveelheid tyd vir die krokodil om tot by die prooi te beweeg.

Vir die oplossing, skandeer die QR-kode of besoek die web-adres.

Hulpvideos vir jou eksamenstres

JOHAN CHAMPION

Een van die doelwitte wat die Tralie Varia dié jaar in die visier het, is om die koerant meer vir julle te skryf - dit is nou die Tralies - indien daar dalk 'n misverstand was.

Dus het ons besluit om 2 hulpvideos aan julle beskikbaar te stel. Nasionale navorsing het getoon dat kinders van graad 8 tot en met graad 12, steeds klippe kou as dit by faktorisering kom. Eerstens het ons dus 'n hulpvideo oor faktorisering o.l.v. me. Jannecke Koekemoer.

Die tweede video is meer gemik op ons matrikulante en behels 'n fisiese wetenskapfees o.l.v. me. Wilma Laux.

Tralies is soos eende in die water

Blitsige swemmers wys hulle slag in verskeie swembaddens

MARJA-LISE NEL

Vanjaar se kleurgala het gespog met nuwe "kleure" aangesien die leerders in graadverband deelgeneem het. Elke graad het met trots sy eie unieke kleur verteenwoordig. Die kompetisie was straf en die opwinding aanvoelbaar.

Die hoogtepunt van dié gala was die gewilde aflos tussen die Tralies, onderwysers sowel as die proefstudente. "Soos gewóónlik het die onnies weer die aflos gewen," sê 'n grootoog graad 8-swemmer.

Leerders en talentvolle swemmers van skole van regoor die Vrystaat het die toeskouers tydens die Vrystaat interhoër-swemgala na hul asem laat snak. Die skouspelagtige optogte is gevolg deur ewe skouspelagtige vertonings in die water.

Die Tralies se seunspan het 'n 2e-plek naas Grey Kollege losgeswem. Oranje en Eunice het die toon aangegee en die Traliedogters het in die 3e plek geëindig. Dié seun- en dogterkombinasie van die Hoërskool Sentraal is besig om 'n storm in die Vrystaat se swembaddens los te swem.

Die vergelyking: soos 'n vis in die water, pas soos 'n handskoen as jy Wesley Schutte en Stephen Pretorius (seuns 17-19) se prestasies in ag neem. Schutte en Pretorius het die *Grey boys* se vinne sommer vinnig geknip.

Schutte het 3 goue medaljes voor hulle neuse weggeraap, terwyl Pretorius die drie silwermedaljes ingepalm het. Frans-Noë Erasmus (seuns 13-14) volg hulle haal vir haal met 3 silwermedaljes.

"Ek is voorwaar trots om 'n Tralie te wees! Dit was 'n eer om Sentraal te kon verteenwoordig," meen Pretorius.

Die Tralies verower 1 silwer- en 4 bronsmedaljes tydens die aflosse. "Die Tralies is trots op die uitblinkers in die swembad," meen Dirk Cilliers, die hoofseun aan die Hoërskool Sentraal.



Mnr. Vorster goed vermom tydens interhoër swemoptog. **Foto: Nicci Cilliers**

Olivier ski haar pad oop na die Olimpiese Spele

SUZÉL LESSING

Elizabeth Rachel Olivier (graad 12) het haar naam reeds in die Hoërskool Sentraal se geskiedenisboek gegraveer. Olivier het Suid-Afrika vanjaar in Noorweë tydens die Jeug Winter Olimpiese Spele verteen-woordig.

Dié Spele het in Lillehammer plaasgevind. Olivier het Suid-Afrika vrou-alleen verteenwoordig. Sy het in die *Slalom*- en *Giant Slalom*-afdeling deelgeneem. Sy het onderskeidelik 36e en 31e in haar kategorie geëindig. Olivier is deur haar jare lange afrigter, Alex Heath, vergesel. Nog 1100 ander atlete vanuit 70 verskillende lande het deelgeneem.

Die koue sneeuvlokkies en 'n gemiddelde temperatuur van -8,5°C het haar egter nie gestuit nie. Olivier het tussen die sneeubedekte berge in Barkley-Oos grootgeword. Sy het op die ouderdom van vyf begin ski en het die SA-kampioenskap reeds op tien gewen.

Olivier het ook die geleentheid gekry om voor derduisende mense die president van die Internasionale Olimpiese Komitee, Thomas Bach, te ontmoet. Hy het haar as die verteenwoordiger van Afrika verwelkom. Sy is die eerste atleet, sedert 2012, wat Suid-Afrika by dié Olimpiese Spele verteen-woordig het.

Buiten die feit dat Olivier 'n internasionale atleet is, is sy ook 'n lid van Sentraal se Akademiese Vereniging. Sy moet dus 'n balans tussen haar sport en akademie handhaaf. "Dit verg harde werk om al my skoolwerk in te haal, maar ek sal die ervaring van die Spele vir niks verruil nie." Olivier beoog om volgende jaar Bedryfsingenieurswese aan die Universiteit van Pretoria te studeer.

Die vraag is aan haar gestel of sy ooit Suid-Afrika se tradisionele koeksisters en biltong vir ysberge sal verruil. "Glad nie. Ek is gebore en getoë in Suid-Afrika."

PROFIEL

Christo Spies is 'n inspirasie

MARJA-LISE NEL

Christo Spies is 'n welbekende motive-ringspreker in Suid-Afrika. Hy is tans die kopdokter van die Arende krieketspan sowel as die Cheetah rugbyspan.

Spies het 'n praktiese en leersame werkswinkel vir die sportafrigters van die Hoërskool Sentraal aangebied. Hulle het vaardighede aangeleer wat hulle in hulle daaglikse lewe sowel as op die sportveld kan toepas.

Die Hoërskool Sentraal is daartoe ver-bind om sover moontlik die beste sportomge-wing en -fasiliteite beskikbaar te stel. Leer-ders kry die geleentheid om die sport van hulle keuse te beoefen terwyl hulle deur kwaliteit afrigters bygestaan word.

Die werkswinkel het kwaliteitafrigting ten doel gehad. Die afrigters het geleer hoe om van toepaslike afrigtingstegnieke gebruik te maak. Hulle is ook ingelig hoe om sportlui te motiveer, te ondersteun en selfs opbouende kritiek te lewer. "Die houding en optrede van afrigters gaan bepaal of dit vir die kind 'n positiewe of negatiewe ervaring is," meen me. Lindie Potgieter (aktiwiteitshoof: hokkie)



Christo Spies **Foto: Verskaf**

Spies is ook 'n voormalige Springbok atleet. Hy het die Suid-Afrikaanse Staatspresidentstoekenning vir sy puik atletiekprestasies ontvang. "Ek het reeds groot struikelblokke in my lewe oorkom; onder andere die amputasie van my been nadat ek in 'n motorfiets ongeluk was," sê Spies.

Vandag gebruik hy egter sy ondervinding en lewenservaring om mense te motiveer en te inspireer om uitne-mendheid te bereik.

"Motivering is noodsaaklik vir sport-sukses. Die Tralie-afrigters strewe daarna om die skool se sport op 'n hoë vlak te hou," meen Maryna van Wyk, kaptein van die eerste netbalspan.

Die hoofdoel van sport is die genot daarvan. Leerders moet deelname geniet. Sport is instrumenteel om kinders te leer hoe om lewenssituasies te hanteer.

Atlete nael dat die tartan spat



Anton Gravett wys sy spoed tydens vanjaar se Top 20-atletiekbyeenkoms. **Foto: Verskaf**

MARJA-LISE NEL

Die Hoërskool Sentraal het vanjaar vir die 17e agtereenvolgende jaar die NWU-Pukke Top 20-atletiekbyeenkoms aangebied.

Jim Fouché het dié byeenkoms gewen. "Dit was 'n voorreg om JF teen van die beste atlete te verteenwoordig," sê Tharina Van der Walt (beste veldatleet).

Tydens die Vrystaat interhoër atletiek-byeenkoms het die Hoërskool Sentraal die 2e meeste goue medaljes ingepalm. Hulle spog met 18 atlete wat vir die Vrystaatspan gekies is.

Tydens die SA-Skole atletiekkam-pioenskap te Bloemfontein presteer die Tralies puik.

Esli Lamey behaal 'n 2e-plek in die paalspring, dogters o.19. Marja-Lise Nel: silwer medalje in die 4x100m aflos, dogters o.19. Christiaan Duvenage kry twee brons medaljes in spiesgooi en paalspring seuns o.15. Mischa van den Berg is 3e in die dogters o.15 spiesgooi.

Tydens die ASA Jeug- en Junior kampioenskap is Duvenage as die Suid-Afrikaanse kampioen in die paalspring gekroon. "Dit is 'n eer om my skool op nasionale vlak te kon verteenwoordig," meen Duvenage.

Streets Assignment en Le Cyrus dra rosette trots

Daar is geen keer aan die prestasies van dié perde en hulle vaardige ruiters nie

"... ek moet 'n voorbeeld stel vir al die jong ruiters."

LUHANN KRUGER

Alta Geyer skou Amerikaanse saalperde en neem ook aan ruiterkuns deel. Haar perd, *Streets Assignment*, is aangewys as die beste vyfgang kinderperd in die Vrystaat. Sy is reeds vir die vyfde agtereenvolgende jaar lid van die Vrystaat vyfgang en driegang span. Sy is vanjaar ook kaptein van die span.

"Die kaptein van so 'n span benodig nie slegs leiereienskappe nie, maar moet ook die top ruiter in die provinsie wees. Dit is 'n baie groot verantwoordelikheid, want ek moet 'n voorbeeld stel vir al die jong ruiters. Ons ding mee om 'n beker en as 'n span moet ons mekaar altyd probeer motiveer," sê Geyer.

Sy is verder as lid van die Junior Proteaspan gekies. Die span gaan later vanjaar gedurende Oktober teen die span van Namibië in Upington deelneem. Hierdie kranige ruiter hoop om in 2017 haar land as lid van die Senior Proteaspan in New Orleans, Amerika, te verteenwoordig.

Michelle Pretorius nóg 'n kranige ruiter en haar perd *Le Cyrus* moet aan vier kwalifiserende byeenkomste deelneem om sodoende die Vrystaatspan te haal. Twee van die kwalifiserende byeenkomste moes a.g.v. kwarantyn uitgestel word. Die byeenkomste gaan nou onderskeidelik gedurende Junie en September plaasvind. Die Vrystaat kampioenskap gaan nou gedurende September in Viljoenskroon plaasvind.

"Die risiko, indien perde in 'n geaffekteerde area gaan deelneem, is te groot. Dit is basiese veiligheidsmaatreëls wat ons almal moet toepas," sê Pretorius.



Michelle Pretorius op haar perd Le Cyrus skop stof in mededingers se oë. **Foto: Verskaf**

Tydens die Bloemskou het nog twee ruiters puik presteer. Jaun-Marie Vermeulen behaal onderskeidelik twee 1e-plekke vir *welcome stakes* – 1.4m en *power jump*. Sy word ook vir die 2e agtereenvolgende jaar as die Victrix Ludorum aangewys.

Nicola Grevelink het tydens die Suid-Afrikaanse kampioenskap in die kategorie: driegang kinderryperd, 18 jaar en onder, 'n 7e-plek behaal asook 'n 5e-plek in die kampioenruiter-afdeling 16 jaar en onder.

Puik resultate tydens toernooi

ELRIE MEYER

Tydens die Wildeklawertoernooi (30 April – 2 Mei) het die beste netbal- en rugbyskole by die Hoërskool Diamantveld in Kimberley teen mekaar meegeding.

Die netbalmeisies het die hoofborg, Wildeklawer, se boerdery besoek om sodoende meer oor die verbouing van groente te leer. Nog 'n hoogtepunt was die gesamentlike kerdiens wat hulle bygewoon het.

Die netbaldogters het soos gewoonlik die tellingkaarte die praatwerk laat doen. Hulle het tydens die toernooi verskeie skole landwyd laat les opsê. In die eerste uitdunrondtes het Sentraal Ben Vorster 23-22 gewen; teen Waterkloof 17-23 verloor en Paarl Gim 30-27 gewen, om sodoende 2e te eindig.Tydens die finale uitspeelrondtes het die Tralies Paarl Girls High 23-21 gewen; 25-28 teen Stellenberg en 21-36 teen Affies verloor. Sentraal beklee aan die einde van die toernooi die 3e-plek.

Jana Nel (hulpdoel) het met 'n glimlag gesê dat dit 'n topgehalte toernooi was en dat sy baie in haar skik is met wat hulle as span behaal het.

"Ek is baie trots op die jong span se veggees,"sê die kaptein, Maryna van Wyk.



Jana Nel tydens die Wildeklawertoernooi. **Foto: Verskaf**

PROFIEL

Leerder deur vlieggogga gebyt

MARJA-LISE NEL

Wanneer jy iets met passie doen, doen jy dit met oorgawe.

Ontmoet vir Pietman Du Toit, 'n graad 12-leerder aan die Hoërskool Sentraal. Hy het 'n ongekende passie en liefde vir vlieg en wou van kleins af niks anders doen nie.

Op die ouderdom van 18 maande het Du Toit saam met sy oupa, Johan Foley senior, sy eerste vlug in 'n spuitvliegtuig geneem.

Die vlieggogga het Du Toit gebyt. Om te vlieg en 'n professionele vlieënier te word, is 'n droom wat Du Toit nie beplan om te laat vaar nie.

"My oupa het altyd vir my gesê dat jy nie *rocket science* nodig het om te vlieg nie, maar dat jou liefde vir vlieg jou sal aanspoor om jou drome te verwesenlik."

Du Toit het vlieglesse by *Westline Aviation* geneem. Die jong vlieënier het sy agt skriftelike eksamens afgelê en moes hard werk om die 75% slaagsyfer te haal.



Pietman agter die stuur. **Foto: Verskaf**

Op 14 jarige ouderdom het Du Toit sweeftuie begin vlieg. Hy was net 15 jaar oud en toe reeds alleen agter die stuur van die sweeftuig. Hy is die eerste leerder wat 'n vliegtuig vir 14,5 ure solo kon stuur.

"My ouers se ondersteuning en wyse woorde het my die krag en moed gegee om nooit handdoek in te gooi nie. Ek is baie bevoorreg om ouers te hê wat my motiveer en my in my passie vir vlieg bystaan."

Op 17 jarige ouderdom het Du Toit sy vlieglisensie verwerf - die jongste om dié lisensie te bekom.

Du Toit beplan om volgende jaar sy kommersiële lisensie te kry. Hy sien daarna uit om vliegkuns as 'n beroep te beoefen.

Sy oupa en twee ooms is die dryfveer agter sy droom. "Geen moeite is vir hulle te veel nie," meen hy.

Vir die jong vlieënier is vlieg iets wat jy nie vir iemand kan beskryf nie. "Die oomblik as die vliegtuig se wiele die grond verlaat, raak ek deel van iets soveel groter. Dié gevoel is onbeskryflik," sê hy trots.

WERK EN WEN
1905

Tralie Varia Sport 2016

sportkalender

2 Julie	Netbal: Winterspele o.14 en o.16 @ KZN	13 Aug	Landloop: Vrystaatkampioenskap @ BFN
2 Julie	Netbal: NSA toernooi o.17	13 Aug	Rugby: Liga finale
3 Julie	Netbal: *All ages* o.15 en o.18 @ Boksburg	13 Aug	Bergfiets: MTB skole 3 @ BFN
13 Julie	Netbal: *Rhino Week* o.14 en o.16 @ Vanderbijlpark	19 Aug	Luggeweerskiet: Vrystaat semi-finaal
		20 Aug	Rugby: Kovsieliga semi-finaal
22 Julie	Duineveld interskole (weg)	22 Aug	Bergfiets: *Eden Classic*
30 Julie	Rugby interskole: Helpmekaar	26 Aug	Hokkie: Vrystaattrofee
4 Aug	Netbal: *SA Schools Challenge (Sun City)*	27 Aug	Rugby: Kovsieliga finaal
8 Aug	Luggeweerskiet: BJH-toer		



uit my oogpunt...

Die jaar is skaars 5 maande oud en die Tralies is reeds in hoogste versnelling. Ons is baie trots om te kan sê dat Sentraal reeds 'n leerder, wat aan die Jeug Olimpiese Winterspele (ski) deelgeneem het, opgelewer het. 18 Tralies het aan die Suid-Afrikaanse atletiek-kampioenskap deelgeneem. Sentraal behaal ook die 2e meeste goue medaljes tydens die interhoër atletiekbyeenkoms.

Die wintersport het skaars begin en Tralienetbal wys weereens waarom hulle een van die bestes in die land is deur 3e tydens die Wildeklawer toernooi te eindig.

Ons glo dat die res van 2016 vele suksesverhale gaan oplewer.

Clashes laat die modder spat

Dié titaniese stryd is vanjaar op die Hoërskool Sentraal se tuisveld voortgesit



Voor die hoofwedstryd staan die Tralies trots saam terwyl die skoollied gesing word. **Foto: Verskaf**

STEPHEN PRETORIUS

Die jaarlikse *FNB Classic Clash* tussen Sentraal en JF het van die 12e tot die 14e Mei plaasgevind.

Die verrigtinge het al Donderdagaand, 12 Mei, met die *Talent Clash* begin. Darrion Speak en Darryl Brink (Sentraal) het dié jaar met hulle indrukwekkende danspassies die beoordelaars se stemme gewen.

Vrydagaand is 'n gesamentlike *Praise and Worship* deur die twee skole se leerders bygewoon. Dit sal voortaan 'n gereelde instelling word. *Sales on rails* (herwin-jou-klere-projek) het ook 'n goeie inkomste gegenereer.

Die hokkiewedstryde is reeds die Vrydag op die universiteit se astro gespeel. Die eerste dogterspan het 1-1 gelykop gespeel. Die seuns eerstespan van die Hoërskool Sentraal het hulle opponente 4-2 gewen.

Terug op eie bodem het die netbalspanne die Tralies se naam hooggehou met hulle puik vertonings. Die eerste netbalspan het Jim Fouché 41-18 geklop.

Die hoogtepunt van die dag het uiteindelik aangebreek. Beide skole se optogte, voor die rugbyhoofwedstryd, het beïndruk.

Vanjaar het Sentraal die skare op hulle voete gehad toe Sonelcke Botha (graad 12) op haar perd die optog gelei het. Die Tralies het kompleet soos die *All Blacks* hulle eie haka gedoen en hul blou tonge vir die opponent uitgesteek.

"Dit was 'n groot voorreg om deel van die optog te kon wees. Die skool het as 'n eenheid die Traliegees uitgestraal," sê Karen Loubser (graad 12).

Hierna het die eerste rugbyspanne mekaar gepak. Dit was 'n senutergende wedstryd. Met net 5 minute oor was die telling 22-15.

Ruan van der Walt het in die doodsnikke oor die doellyn geduik en Jacques Mulder het die bal deur die mikke gesit. "Ek dink ons dissipline het ons in die steek gelaat, maar met net 12 man het ons regtig deursettingsvermoë getoon. Die manne moet hulle koppe hooghou. Ek het volle vertroue in my span vir die res van die seisoen," sê Mathys Theron (kaptein).

Toe die eindfluitjie blaas moes JF teleurgestel huis toe gaan met 'n gelykoptelling van 22 elk.

supa quick
TYRE EXPERTS / CLOSER TO YOU
PRELLER PLEIN / 051 1010 944 / sqp@speedybfn.co.za